INFORMELE ASSESSERING

COVID-19

Memorandum

* Maklik	** Gemiddeld	*** Uitdagend

1. **Gebruik jou ervarings gedurende die COVID-19 grendeltydperk om ’n storie van 250-300 woorde te skryf. ****

2. **Maak gebruik van die volgende elemente wanneer jy jou storie skryf:**

   2.1. Beplan jou storie, bv. stygende spanningslyn, konflik, klimaks, antiklimaks, ontknoping, ens.

   2.2. Watter karakters gaan jy in jou storie gebruik? Maak seker dat jy unieke karaktertrekke gee aan elkeen van jou karakters.

   2.3. Jy is die verteller.

   2.4. Agtergrond, omstandighede en die verhouding van die karakter tot die tema van jou verhaal.

   2.5. Belangrikste van alles – sorg dat jou storie vermaaklik is om te lees!

NB: Jy moet jou beplanning (breinkaart en eerste weergawe) ingee saam met die storie.

Rubriek: blaai om na die volgende bladsy.

Punte	5	4	3	2	1
Beplanning	Uitstekende beplanning en moeite is gedoen met breinkaart en eerste weergawe.	Goeie beplanning en moeite is gedoen met breinkaart en eerste weergawe.	Redelike beplanning en moeite is gedoen met breinkaart en eerste weergawe.	Die leerder het meer as een blok van die breinkaart uitgelaat.	Min/geen bewys van beplanning/moeite is gedoen met breinkaart en eerste weergawe nie.
Inleiding en slot	Die inleiding is aangrypend en bind die leser se aandag. Die slot is sterk en rond die storie af.	Die inleiding en slot is baie goed geskryf.	Die inleiding is goed geskryf. Die slot is goed geskryf.	Opstel bevat ’n inleiding en ’n slot.	Daar is nie ’n duidelike inleiding en/of slot nie.
Inhoud	Inhoud uitstaande, hoogs oorspronklik. Inhoud is logies ontwikkel.	Inhoud verdienstelik, oorspronklik. Inhoud in logiese volgorde.	Inhoud gepas. Voldoende inhoud, nodige besonderhede ontbreek. Redelike logiese volgorde.	Inhoud middelmatig. Wyk af van die onderwerp, betekenisse soms onduidelik. Min bewys van logiese volgorde.	Inhoud nie altyd duidelik nie. Wyk af van die onderwerp. Geen bewys van logiese volgorde nie.
Taalgebruik	Uitstekende taalgebruik, sluit gebruik van figuurlike taal in.	Goeie taalgebruik, geen figuurlike taalgebruik nie.	Redelike taalgebruik, gebruik gepaste woordkeuses.	Min bewys van goeie taalgebruik, gebruik baie basiese woorde.	Geen bewys van goeie taalgebruik nie.
Redigering, spel- en leestekenfoute	Minimum spelfoute en leestekenfoute is gemaak.	5-10 spelfoute en leestekenfoute is gemaak.	11-15 spelfoute en leestekenfoute is gemaak.	16-20 spelfoute en leestekenfoute is gemaak.	Meer as 20 spelfoute en leestekenfoute is gemaak.
Struktuur	Sinne en paragrawe is duidelik en verstaanbaar. Lengte is tussen 250 – 300 woorde.	Sinne en paragrawe is duidelik. Lengte is tussen 200 – 250 woorde.	Die sinne en paragrawe is basies en eenvoudig. Lengte is tussen 150 – 200 woorde.	Die sinne is swak en daar is geen paragrawe nie. Lengte is tussen 100 – 150 woorde.	Die sinne is aaneen – leestekens is afwesig. Lengte is tussen 50 – 100 woorde.
Totaal					**/30**